Publication: Die Burger (Kaap Stedelik), Saterdag
Date: 04 Feb 2017
Page: 11

# Kerk moet áltyd hervorm

**Dit is vanjaar 500 jaar sedert Martin Luther in 1517 sy 95 stellinge op die deur van die Wittenbergse Kasteelkerk vasgespyker het. Anton van Niekerk bekyk Luther se rol as hervormer.**

Vanjaar is dit 500 jaar sedert die Protestantse kerkhervorming in 1517 begin het. In hierdie artikel let ons op die relevansie van die sentrale figuur van daardie kultuuromvormende reeks gebeure, die Duitse teoloog en kerkleier Martin Luther (1483-1546).

Dit gebeur selde dat 'n akteur op die verhoog van die geskiedenis verskyn wie se rol so deurslaggewend is dat hy die geskiedenis self 'n nuwe rigting laat inslaan. So 'n mens was Luther – nie alleen een van die Westerse kultuur se invloedrykste denkers nie, maar 'n ware karakter van ons beskawing.

Luther was 'n kleurryke figuur, bekend vir sy uitdagende uitsprake en robuuste geskrifte waarin sy tong en sy pen soms die diepsinnigste geloofinsigte ontroerend kon formuleer, en ander kere met kwetsende venyn op opponente kon lostrek. Hy was 'n man van aksie, en sy hart was nooit elders as op sy mou nie. Om hom te lees, is om ingesuig te word in sy volgehoue eksistensiële worstelinge, om saam te sidder in sy oomblikke van diep vertwyfeling, maar om ook meegesleur te word in die triomfantelikheid van sy geloofsbelewenisse. Niemand kon meer oortuigend oor die oorwig van God se genade skryf nie, en tog bly hy wroeg met sy terugkerende, pynigende twyfel of hy waardig is voor Gods aangesig (*coram Deo*) – en soms selfs oor die vraag of God werklik bestaan.

Sy lewenswerk word op gang gebring en gehou deur een oorheersende vraag: "Waar vind ek 'n genadige God?" In dié opsig is hy volledig kind van sy tyd – van kleins af bedreig deur die angs van 'n verlammende en skynbaar uitsiglose skuld vir sy sonde. Gedurende 'n donderstorm in 1505 slaan 'n weerligstraal hom amper raak; vir hom is dit 'n simbool van God se dreigende oordeel en hy beloof op die plek om 'n monnik te word.

Sy handelinge is dikwels dramaties en demonstratief: Sy 95 stellinge word op 31 Oktober 1517 nie in die kerk uitgedeel nie, maar sigbaar en hoorbaar vasgespyker op Wittenberg se kerkdeur (die stad se kennisgewingbord). As die pous hom jare later veroordeel en ekskommunikeer, verbrand hy die pouslike bul (vloekskrif) in die openbaar. Nie alleen verwerp hy die meeste aspekte van die pouslike gesag nie, maar voer dit tot 'n sigbare verwerping van sy selibaatbeloftes as monnik. Hy help met die ontvoering van 'n non (Katharina von Bora), weggesteek in 'n haringvat, trou daarna met haar en verwek ses kinders op die koop toe – iets wat selfs sy groot vriend, Philippus Melanchthon, geskok het. Dis eintlik vreemd dat die haringvat nie 'n wynvat was nie, want Luther was 'n vrolike mens wat wyn behoorlik kon geniet.



***Portret van Martin Luther*** **deur die Duitse skilder Georg Pencz.**

> **Hier staan ek. Ek kan nie anders nie. So help my God.**

Een van sy bekendste demonstratiewe handelinge was tydens die Marburg-qolloquium in 1529 toe hy, Ulrich Zwingli, Melanchthon en ander in reaksie op 'n versoek van die vors van Hesse konsensus probeer bereik het oor wat in die Nagmaal gebeur. Almal teenwoordig het die Roomse idee van "transsubstansiasie" (dat die wyn en brood, as "offer" wat die priester in die Roomse mis op die altaar wy, letterlik in die liggaam en bloed van Christus verander) verwerp. Vir Zwingli was die Nagmaal bloot iets wat die gemeente doen en die elemente niks meer as simbole van Christus se liggaam en bloed nie. Luther kon dit nie aanvaar nie. Vir hom was die Nagmaal nie slegs 'n handeling van die gemeente nie, maar van God self. Hy kom toe vorendag met die eksentrieke beskouing dat Christus se opgestane, verheerlikte liggaam "alomteenwoordig" is, en dat ons daarom in die Nagmaal aan daardie werklike liggaam deel het. Terwyl hy hieroor voet by stuk gehou het, het hy telkens met kryt op die bank waarin hy gesit het, Christus se instellingswoorde bly skryf: *Hoc est corpus meum* – "dit is my liggaam". So 'n mens was Luther.

Die groot omwenteling in sy lewe en die allesoorheersende besef wat sy werk en bydrae daarna gestempel het, was die, vir hom, aardskuddende ontdekking dat, hoewel ons almal sondaars is, ons geregverdig word, nie deur ons goeie werke nie, maar deur die geloof as genadegawe van God in Christus. Skielik het hy verstaan waarom die aflaatstelsel, in terme waarvan 'n mens geld kan betaal om skuldvergiffenis te ontvang, 'n "vervloekte dwaalleer" is. Johannes Tetzel, een van die propageerders van die aflate, het selfs beweer dat, "sodra die muntstuk in die koffer klingel, die siel uit die vagevuur spring" (sommige het bygevoeg: "tot in die hemel spring"). Dit was veral hierdie leer wat Luther in sy 95 stellinge van 1517 verwerp het. In stelling 86 vra Luther byvoorbeeld: "Hoe is dit dan dat die pous, wat vandag ryker is as enige Crassus, die katedraal van die Heilige Petrus in Rome bou met die munte van arm gelowiges, eerder as met sy eie geld?"

In die jare daarna, grootliks as gevolg van sy studie van die Bybel as professor aan die Wittenberg-universiteit, kristalliseer sy probleme met Rome, maar ook sy eie positiewe beskouinge, geleidelik uit. Luther formuleer die drie "solismes" van die Reformasie: *sola gratia, sola fide, sola scriptura*: "slegs genade, slegs geloof, slegs die skrif."

Een van die sentrale breuke met Rome betref die gesag van die Heilige Skrif. Volgens Rome is die tradisie net so gesaghebbend soos die Bybel, en kan die Bybel in elk geval slegs met gesag deur die geïnstitueerde kerk (die pous) geïnterpreteer en verstaan word. Luther verwerp dit, sowel as die leer dat die pous onfeilbaar is. Vir hom is die Bybel "klaar/duidelik" en toeganklik vir enigeen. Christene se verhouding met God word daarom nie fundamenteel bemiddel deur die kerklike gesag nie; gelowiges staan in 'n regstreekse geloofsverhouding met God en kan Sy stem en Sy wil verneem in die Bybel. Soos goed bekend, word hy op die Ryksdag van Worms (1521) deur 'n pouslike kommissie skuldig bevind aan kettery en voëlvry verklaar (enigeen kon hom dus vermoor). Toe hy gevra is om sy beskouinge terug te trek, was sy dramatiese antwoord: "Hier staan ek. Ek kan nie anders nie. So help my God."

Luther se betekenis setel egter nie slegs in sy werk as kerkhervormer nie. Hy het sowel die literêre as die politieke kultuur in Duitsland maatgewend beïnvloed en help omvorm. Luther was deurentyd betrokke by politieke aksies, grootliks vanweë die feit dat sekere vorste van die deelstate van die Heilige Romeinse Ryk in sy hervormingsbeweging die ruimte gesien het om hulself los te maak van pouslike en keiserlike gesag. In ander gevalle het vorste Luther vanweë hul steun aan die pous help vervolg. Luther het die doktrine ondersteun dat wie ook al regeer, die reg het om die godsdiens wat aldaar beoefen word te bepaal: *cuius regio, eius religio*. Die Luthers-geïnspireerde Reformasie was uiteindelik net soveel 'n politieke as 'n godsdienstige beweging.

Hy vertaal die Bybel tussen die jare 1520 en 1535, en wel in 'n Duits wat sowel in Noord- as Suid-Duitsland verstaanbaar was. Daarmee lewer hy 'n enorme bydrae tot die selfbewuswording van die Duitse kultuur. Terselfdertyd speel dié vertaling 'n koverte rol in die opkoms van Duitse nasionalisme en die latere vereniging van die Duitse deelstate in die 19de eeu.

Soos te verwagte van so 'n ronde karakter van ons beskawing, had Luther ook sy skadukante, waarvan anti-Semitisme die vernaamste was. Hy sing ongelukkig saam in die koor wat die Jode van leuens, godslastering en die "moord op Jesus" beskuldig. Hy ondersteun die afbrand van sinagoges en die onteiening en vervolging van Jode. Sy laaste preek voor sy dood in Eisleben was 'n pleidooi dat Jode verban moet word. Ten spyte van al hul ander dramatiese verskille, is daar op hierdie punt 'n verband tussen Luther en Nazi-Duitsland.

Sy sentrale betekenis in die kerk- en teologiegeskiedenis is die besef dat die kerk altyd moet hervorm (*semper reformanda*), omdat die kerk, soos hy grafies uitgewys het, kan dwaal. In dié opsig is hy 'n voorloper van Barth, Belhar en Willie Jonker. Die beweging wat hy gelei het, het ongelukkig die idee gevestig dat die reformasie van die kerk ook die skeuring van die kerk regverdig. Op dié punt kon hy en sy beroemde tydgenoot Desiderius Erasmus mekaar nooit vind nie.

Ten spyte van sy volgehoue relevansie, leef ons vandag in ander tye en omstandighede as Luther. Die groot vraag van ons tyd is nie meer "waar vind ek 'n genadige God" nie, maar "waar vind ek 'n genadige medemens". Luther se lewe is gedryf deur die sug na ortodoksie: konsensus oor die leer van die kerk. Dis 'n vraag of daardie ortodoksie ooit haalbaar is. Miskien kom ons vandag verder deur ons liewer sorge te maak oor ortopraksie: Konsensus oor hoe mense behoort te lewe, en watter rol die kerk kan speel om die wêreld eerder te vermenslik as te kersten.



*Van Niekerk is uitgelese professor in filosofie aan die Universiteit Stellenbosch.*

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission